

MM 64



HUMANITAS
RGN-HSRC

*die landbouegegradueerdes van die rsa
in 1973*

001.3072068

HSRC
MM 64

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

Klasnr./Class No.	001-3072068
Registernr./No.	MM 64 35128/8

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon: 48-3944

Telegramme: RAGEN

President: Dr. A.L. Kotzee

Vise-presidente: Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy

Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Statistiese Navorsing

Psigologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Navorsing

in Lettere en Kuns

en en koördineer navorsing op die gebied
 in die Regering en ander Instansies van
 navorsingsbevindings en versprei
 anskappe.

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING



RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

DIE LANDB

VERVALDATUM / DATE DUE

14. 8. 78

22 JUN 1988



verslag nr. **MM-64**

Kopiereg voorbehou

Prys: R1,90

001.3072068 HSRC MM 64



8	3 0 1 2 8 7 9 W W 1977	6 BEST COPY 101-3072068 5/5/87 STANDKODE
1977 0 8 6 9 6 5 4 0 6 3		

ISBN 0 86965 406 3

VOORWOORD

Persone met universiteitsopleiding speel 'n belangrike rol in die arbeidsmag van 'n land. Die landbougegradueerdes vorm 'n relatief klein groepie van hierdie hoëvlakmannekrag, maar lewer 'n belangrike en noodsaaklike bydrae tot die ontwikkeling in die landbou.

Hierdie studie verstrek agtergrondgegewens oor die beroepsomstandighede van die landbougegradueerde. Verskeie aspekte van die werksituasie van landbougegradueerdes wat landboukundiges is, word met dié van landbougegradueerdes in nie-landboukundige beroepe vergelyk. Die redes waarom landbougegradueerdes tot nie-landboukundige beroepe toetree, word ook ondersoek.

'n Woord van dank word gerig aan die gegradueerdes wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het en die Institute van die RGN wat bygedra het om hierdie verslag vry te stel, naamlik die Instituut vir Statistiese Navorsing vir statistiese verwerkings en die Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste vir redigering, proeflees en reëlings vir drukwerk.



WAARNEMENDE PRESIDENT
Maart 1977

INHOUD

	BLADSY
SUMMARY/OPSOMMING	v
HOOFSTUK	
1 INLEIDING	1
1.1 Agtergrond en doelstelling	1
1.2 Die ondersoekgroep en vraelys	1
1.3 Verteenwoordigendheid	2
2 BEROEPE WAT BEOEFEN WORD EN REDES VIR KEUSE VAN NIE-LANDBOUKUNDIGE BEROEPE	5
2.1 Inleiding	5
2.2 Beroepe wat beoefen word	6
2.3 Redes vir keuse van nie-landboukundige beroepe	12
3 DIE WERKSITUASIE VAN LANDBOUGEGRADUEERDES	19
3.1 Inleiding	19
3.2 Werkgewer	19
3.3 Benutting van landhouegegradueerdes	21
3.4 Werktevreedenheid	29
3.5 Inkomstestruktuur	31
3.6 Werkgeweromset en beroepsverskuiwings	49
4 SAMEVATTING	57
5 SYNOPSIS	62
BYLAE: VRAELYS	67
LITERATUURLYS	72

TABELLE

BLADSY

1.1	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP VOLGENS TAAL	3
1.2	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP VOLGENS OUDERDOM	3
1.3	VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL	4
2.1	BEROEPE WAT LANDBOUGEGRADUEERDES BEOEFEN	7
2.2	VAKKE WAT ONDERWYSERS EN LEKTORE DOSEER	11
2.3	REDES VIR DIE KEUSE VAN NIE-LANDBOUKUNDIGE BEROEPE	14
2.4	GETAL REDES VERSTREK VIR DIE KEUSE VAN NIE-LANDBOUKUNDIGE BEROEPE	17
2.5	GETAL REDES SAAM MET BELANGSTELLING IN ANDER BEROEP EN SALARIS ONVOLDOENDE VERSTREK	18
3.1	WERKGEWER	20
3.2	MEDIAAN VOLTYDSE WERKURE PER WEEK GEWERK VOLGENS WERKGEWER	20
3.3	KWALIFIKASIESTRUKTUUR	22
3.4	'N VERGELYKING TUSSEN PEIL VAN MINIMUM KWALIFIKASIE NODIG VIR WERK EN PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL	24
3.5	MATE WAARIN UNIVERSITEITSONPLEIDING IN HUIDIGE WERK GEBRUIK WORD	24
3.6	PERSENTASIE WERK WAT DEUR ADMINISTRATIEWE HULPPERSONEEL GEDOEN KAN WORD	27
3.7	PERSENTASIE WERK WAT DEUR TEGNICI GEDOEN KAN WORD	28
3.8	PERSENTASIE WERK WAT DEUR TEGNICI GEDOEN KAN WORD EN DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE TEGNICI DEUR LANDBOUKUNDIGES AANGEDUI	30
3.9	WERKTEVREDENHEID	32
3.10	INKOMSTESTRUKTUUR 1973 VOLGENS WERKGEWER	34
3.11	KONTANTBONUSSE, OORTYD, ONDERRIG DEELTYDS, KONSULTASIE, NA-UURSE GESALARIEERDE WERK VOLGENS WERKGEWER	35
3.12	INKOMSTESTRUKTUUR 1973 EN 1975 VOLGENS OUDERDOM EN WERKGEWER	38

3.13	PERSENTASIESTYGING VAN 1971 TOT 1975 VAN DIE MEDIANINKOMSTE VAN GEGRADUEERDE MANS VOLGENS WERKGEWERSEKTOR	45
3.14	'N VERGELYKING TUSSEN DIE WINGEWONDHEID VAN BE= ROEPE VAN WERKNEMERS SOOS OP 1 MAART 1973 EN 1 MAART 1975	48
3.15	WERKGEWEROUSET	50
3.16	BEROEPSTRUKTUUR 1973, 1971 EN 1969	52
3.17	BEROEPSVERSKUIWINGS 1971-1973	54
3.18	BEROEPSVERSKUIWINGS 1969-1971	55
3.19	BEROEPSVERSKUIWINGS 1969-1973	56

SUMMARY

The aim of this study is to examine the reasons why agricultural graduates do not enter agricultural professions, and to compare some aspects of the working conditions of such persons who are agriculturists with those of agricultural graduates who do not pursue agricultural professions.

The National Register of Natural and Social Scientists was used to trace graduates and 1569 men took part in the study. Of these men 436 are agriculturists, 251 farmers, 90 are in biological and other natural science professions, 228 in teaching professions, 352 in managerial and administrative occupations, 92 in other professions and 120 are not in the labour market (students and pensioners).

The aspects of the job situation which are discussed, are employer, utilisation of agricultural graduates, job satisfaction, income structure, employer turnover and changes in occupation.

OPSOMMING

Die doel met hierdie studie is om die redes waarom landbougegradeerdes nie tot landboukundige beroepe toetree nie, te ondersoek en om enkele aspekte van die werkomstandighede van landbougegradeerdes wat landboukundiges is, met dié van landbougegradeerdes wat nie-landboukundige beroepe beoefen, te vergelyk.

Die Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes is gebruik om gegradeerdes op te spoor en 1569 mans het aan die ondersoek deelgeneem. Van die 1569 mans is 436 landboukundiges, 251 boere, 90 in biologiese en ander natuurwetenskaplike beroepe, 228 in onderwysberoepe, 352 in bestuurs- en administratiewe beroepe, 92 in ander beroepe en 120 is buite die arbeidsmark (studente, pensioentrekkers).

Die aspekte van die werksituasie wat bespreek word, is werkgewer, benutting van landbougegradeerdes, werktevredenheid, inkomstestruktuur, werkgeweromset en beroepsverskuiwings.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 ACTERGROND EN DOELSTELLING

Kommer is deur die Transvaalse Landbou-unie (TLU) uitgespreek oor die afname van die aantal landboustudente aan die verskillende RSA-universiteite en die feit dat die landboustudente, na voltooiing van hulle graadkursusse, ander studierigtings verkies om uiteindelik in beroepe buite die landbou te beland. Die TLU het die RGN genader met 'n versoek dat ondersoek ingestel sal word na die redes waarom 'n groot groep landboustudente ander beroepe beoefen. Aangesien die versoek van die TLU inpas by die beroepsnavorsingsprogram van die Instituut vir Mannekragnavorsing, is die ondersoek in 1973 onderneem.

Die doel met hierdie studie is dus om die redes waarom landbougegradueerdes nie tot landboukundige beroepe toetree nie, te ondersoek en om enkele werkomstandighede van landbougegradueerdes wat landboukundiges is, met dié van landbougegradueerdes in nie-landboukundige beroepe te vergelyk.

1.2 DIE ONDERSOEKSGROEP EN VRAELYS

Die Instituut vir Mannekragnavorsing van die RGN hou 'n Nasionale Register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes in stand. Die Register bevat gegewens soos naam, adres, opvoedkundige kwalifikasies en ander gegewens van gegradueerdes in die RSA en SWA. Hierdie Register is gebruik om die ondersoekgroep te identifiseer.

Die ondersoekgroep is persone met grade in landbou of bosbou wie se gegewens op 28 Februarie 1973 in die Nasionale Register verskyn het. Die bosbougegradueerdes is by die ondersoek ingesluit omdat bosbou as 'n nouverwante studierigting van landbou beskou kan word en gevolglik word in hierdie verslag met landbougegradueerdes ook persone met bosbougrade bedoel. Daar moet op gelet word dat die gegradueerdes wat in 1972 die finale eksamen vir die B-graad in landbou of bosbou geslaag het en in 1973 tot die arbeidsmag toegetree het, se gegewens op 28 Februarie 1973 nog nie in die Nasionale Register aangeteken was nie.

Uit die Register is 2435 persone se name en adresse verkry en op 1 Maart 1973 is 'n vraelys (bylae) aan elkeen van die persone gepos. Na 4 maande is 1593 ingevulde vraelyste ontvang, dit is 65 persent van die getal vraelyste wat uitgestuur is.

Onder die 2436 persone aan wie vraelyste gestuur is, is 50 vroue ingesluit. Hier-en-twintig vraelyste is van vroue ontvang. Aangesien die getal vroulike landbougegradueerdes relatief klein is en ontleedings nie betekenisvol vir so'n klein groepie persone geraak kan word nie, is die vroue se gegewens nie ontleed nie. Hierdie verslag handel dus oor die 1589 mans met landbou- of bosbougrade.

Bykomend tot die inligting wat met behulp van die bogenoemde vraelys ingewin is, is gegewens oor ouderdom, taal en opvoekondige kwalifikasies uit die Nasionale Register verkry.

4.3 VERTEENWOORDIGENDHEID

Die raming was daar 4000 mans in 1973 met landbou- of bosbougrade in die RSA en SWA. Om die verteenwoordigendheid van die gegewens van die 1589 mans te bepaal wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, moet die 1589 mans se gegewens met dié van die geraamde 4000 vergelyk word. Daar bestaan egter geen bron waarin die 4000 mans se gegewens aangeteken is nie. Gevolglik is die gegewens van die 1589 mans wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, voortaan die respondentegroep genoem, met die gegewens van die 2385 mans aan wie vraelyste gestuur is, die Nasionale Registergroep, vergelyk. Die Nasionale Register soos op 30 November 1970 is as 'n verteenwoordigende steekproef bewys (Ebersohn, 1972, p. 13), en daar word aanvaar dat die Register in 1973 nog steeds 'n verteenwoordigende steekproef van die ge-gradueerde populasie is.

In tabelle 1.1 tot 1.3 verskyn 'n vergelyking tussen die Nasionale Register- en respondentegroep ten opsigte van taal, ouderdom en peil van hoogste kwalifikasie behaal. Dit blyk dat die persentuele afwykings van die verskillende kategorieë van die respondentegroep wat met die Nasionale Registergroep vergelyk word, klein is. Daar word dus aanvaar dat die respondentegroep 'n verteenwoordigende steekproef van die Nasionale Registergroep is en gevolglik ook 'n verteenwoordigende steekproef is van die landbougegradueerde populasie in die RSA en SWA.

TABEL 1.1

VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP
VOLGENS TAAL

Taal	Nasionale Registergroep		Respondente= groep	
	N	%	N	%
Afrikaans	1778	74,5	1142	72,8
Engels	607	25,5	427	27,2
TOTAAL	2385	100	1569	100

TABEL 1.2

VERGELYKING TUSSEN DIE NASIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP
VOLGENS OUDERDOM

Ouderdom	Nasionale Registergroep		Respondente= groep	
	N	%	N	%
20 - 24	19	0,8	13	0,8
25 - 29	394	16,5	279	17,8
30 - 34	536	22,5	358	22,8
35 - 39	446	18,7	304	19,4
40 - 44	285	11,9	189	12,0
45 - 49	216	9,1	143	9,1
50 - 54	143	5,0	87	5,5
55 - 59	80	3,4	42	2,7
60 - 64	81	3,4	48	3,1
65 - 69	132	5,5	76	4,8
70 - 74	34	1,4	21	1,3
75 - 79	15	0,6	9	0,6
80 +	4	0,2		
TOTAAL	2385	100	1569	100
Mediaan	37,2		36,7	

TABEL 1.3

VERGELYKING TUSSEN DIE NATIONALE REGISTER- EN RESPONDENTEGROEP
VOLGENS PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL

Peil van hoogste kwalifikasie behaal	Nasionale registergroep		Respondente- groep	
	n	%	n	%
B-graad	1233	51,7	765	48,8
Nagraadse diploma	57	3,0	55	3,5
Hons. -B-graad	230	9,0	159	9,9
M-graad	568	23,2	405	25,9
D-graad	267	11,2	185	11,9
TOTAAL	2385	100	1569	100

HOOFSTUK 2

BEROEPE WAT BEOEFEN WORD EN REDES VIR KEUSE VAN NIE-LANDBOUKUN= DIGE BEROEPE

2.1 INLEIDING

in Omskrywing van die beroepsfunksies van landboukundiges verskyn in die International Standard Classification of Occupa= tions (ISCO) (1958, p. 37):

"AGRONOMISTS, SILVICULTURISTS AND HORTICULTURAL SCIENTISTS

Workers in this unit group study soil and crop problems related to agriculture, horticulture and forestry, develop improved methods of cultivation, processing, handling and storing of pro= ducts, and design landscapes. Their functions include conduct= ing experiments and investigations in field-crop problems and developing new and improved methods of growing crops to obtain higher yield and better quality; conducting experiments and in= vestigations into and developing new and improved methods of breeding and cultivating fruits, vegetables, flowers or ornamen= tal trees and shrubs, and to allied problems in production, storage and handling; conducting research in problems of forest propagation and culture and establishing and caring for forest stands; studying soil characteristics and uses and applying findings to problems in agriculture, horticulture and forestry; planning, preparing drawings of and supervising the ornamental development of an area of land, and planning facilities such as golf courses and parks; performing other scientific work pertain= ing to agriculture, horticulture and forestry." ISCO verstrek verder 'n oëër omskrywing van elkeen van die bogenoemde beroëpe en noem dat landboukundiges kan spesialiseer, byvoorbeeld in 'n besondere landbouprodukt of groep produkte of in 'n tegniese akti= witeit soos produksie, onkruid- en plaagbeheer of besproeiing.

In hierdie ondersoek is 'n posvraelys gebruik om inlig= ting oor landbougegradeerdes in te vin; kyk paragraaf 1.2. Indien 'n posvraelys 'n lywige dokument is, reageer vraelysinvul= lers swak. Gevolglik kon taakomskrywings van 'n reeks beroëpe nie in die vraelys opgeneem word nie. Dit is aan die vraelysinvuller oorgelaat om te besluit wat die beroepbenaming is van die beroep wat hy beoefen, sonder die hulp van taakomskrywings; kyk vraag 1 in die bylae.

2.2 BEROEPE WAT BEOEFEN WORD

'n Ontleding van die beroepe wat die landbougegradueerdes beoefen soos op 1 Maart 1973, verskyn in tabel 2.1. Met die oog op ontledings oor die redes waarom landbougegradueerdes tot nie-landboukundige beroepe toetree, is die vraelysinvuller in vraag 10(b) van die vraelys versoek om aan te dui of hy 'n landboukundige beroep beoefen. Tabel 2.1 toon aan of die vraelysinvuller sy beroep as landboukundig van aard beskou.

Die beroepe wat aangedui is, is in sewe hoofgroepe geklassifiseer, naamlik landboukundige beroepe, boere, biologiese en ander natuurwetenskaplike, onderwysberoepe, bestuurs- en administratiewe beroepe, ander beroepe en 'n groep buite die arbeidsmark. Hierdie klassifikasie van beroepe is vergelykbaar met die indeling van beroepe wat deur instansies soos die Departement van Statistiek (sensusopnames) en die Departement van Arbeid (mannekrageopnames) gevolg word om inligting oor beroepe te versyfer.

Dit blyk uit tabel 2.1 dat die ekonomiese bedrywige landbougegradueerdes hoofsaaklik in drie beroepsgroepe gevind word, te wete landboukundige beroepe (436 van 1449 persone of 30%), bestuurs- en administratiewe beroepe (352 of 24%) en boere (251 of 17%). Indien bestuurs- en administratiewe beroepe beskou word as bevorderingsposte, beoefen 72 persent (1039 van 1449) van die ekonomiese bedrywige landbougegradueerdes beroepe wat verband hou met landbou en bosbou. Hierdie 72 persent kan tot 79 persent verhoog word indien die 110 landbougegradueerdes in onderwysberoepe wat vakke in landbou en bosbou doseer (kyk tabel 2.2) bygereken word.

Dit beteken egter nie dat 21 persent beroepe beoefen wat nie met hulle studierigting verband hou nie. Grade in Landbou bied 'n agtergrondopleiding vir byvoorbeeld biologiese en ander natuurwetenskaplike beroepe en daar kan dus verwag word dat landbougegradueerdes tot hierdie beroepe sal toetree wat gewoonlik beoefen word deur persone wat oor suiwer natuurwetenskaplike grade beskik. 'n Studie oor die biologiese wetenskaplikes in 1971 (Ebersohn, 1973a, p. 14) het dan ook getoon dat 115 van die 175 mans (66%) wat biologiese wetenskaplikes is, maar wat nie oor suiwer natuurwetenskaplike grade beskik nie, wel landbougrade behaal het. Van die totale groep biologiese wetenskaplikes wat aan die 1971-opname deelgeneem het, 475 mans, was 24 persent in landbou opgelei.

Volgens hierdie studie van 1973 wil dit voorkom of die helfte van die genoemde 21 persent landbougegradueerdes dus be-

roep, gewoonlik in 'n biologiese rigting, beoefen wat wel met hulle studierigting verband hou. Saamgereken met bogenoemde 79 persent kom dit dus daarop neer dat sowat 89 persent, of te wel ongeveer 7 uit elke 8 landbougegradueerdes, beroepe beoefen wat ðf landboukundig van aard is ðf minstens met hulle opleiding verband hou. Die vergelykbare syfer vir ingenieurs is 94 persent (Ebersohn, 1975a, p. 75) en indien in ag geneem word dat ingenieurs se opleiding relatief meer beroepsgerig is, is die verskil tussen die 94 en 89 persent nie noemenswaardig nie.

TABEL 2.1
BEROEPE WAT LANDBOUGEGRADUEERDES BEOEFEN

Beroep	word beskou as 'n landboukundige beroep		Totaal	
	Ja	Nee		
	N	N	N	%
<u>Landboukundige beroepe</u>				
Agronoom (Akkerboukundige)	28		28	6,4
Bosboukundige	28		28	6,4
Grondkundige/Bodemkundige	21		21	4,8
Landbou-ekoonom	17	2	19	4,4
Landboukundige	41		41	9,4
Landboukundige adviseur	18	2	20	4,6
Landbounavorser	49		49	11,2
Landboutegnikus	1		1	0,2
Landbouvoorligter	124		124	28,4
Landbouweerkundige	2		2	0,5
Onkruidbeampte	2		2	0,5
Plantteler	20		20	4,6
Tegniese adviseur - landbou	15		15	3,4
Tegnoloë				
Houttegnoloog	2		2	0,5
Melkerytegnoloog	2		2	0,5
Voedseltegnoloog	1		1	0,2
Tuinboukundige	8	1	9	2,1
Veekundige	20		20	4,6
Veeteeltvakkundige	4		4	0,9
Weidingnavorser	17		17	3,9
Wynbou-, wingerdboukundige	11		11	2,5
Subtotaal	431	5	436	100
%	98,9	1,1	100	

(Vervolg)

TABEL 2.1 (VERVOLG)

Beroep	Word beskou as n landboukundige beroep		Totaal	
	Ja	Nee		
	(1)	(2)	(3)	(4)
<u>Boere</u>				
Boer	67	171	238	94,8
Plaasvoorman	10	3	13	5,2
Subtotaal	77	174	251	100
%	30,7	69,3	100	
<u>Biologiese e.a. natuurwetenskap= like beroepe</u>				
Biochemikus	1	10	11	12,2
Biometris	2	1	3	3,3
Chemikus	3	4	7	7,8
Dierkundige	2	1	3	3,3
Entomoloog	14		14	15,5
Fisioloog	2	1	3	3,3
Genetikus	5	1	6	6,7
Hidroloog	1	1	2	2,2
Mikrobioloog	5	3	9	10,0
Pedoloog	4		4	4,4
Plantekoloog	1	1	2	2,2
Plantkundige	1	1	2	2,2
Plantpatoloog	16	1	17	18,9
Pomoloog	2	1	3	3,3
4 ander nl. Bakterioloog, Miko- loog, Plantfisioloog, Sitoloog	4		4	4,4
Subtotaal	64	26	90	100
%	71,1	28,9	100	
<u>Onderwysberoepe</u>				
Lektor/Professor	108	60	168	73,7
Onderwyser	11	45	56	24,6
Opleidingsbeampste		2	2	0,9
Inspekteur/Direkteur van Onderwys	1	1	2	0,9
Subtotaal	120	108	228	100
%	52,6	47,4	100	

(vervolg)

TABEL 2.1 (VERVOLG)

Beroep	Word beskou as 'n landboukundige beroep		Totaal	
	Ja	Nee		
	N	N	N	%
<u>Bestuurs- en administratiewe beroep</u>				
Besturende direkteur/Bestuurder	65	162	227	64,5
Hoë uitvoerende poste bv. Streekadirekteur	31	34	65	18,5
Administratiewe beampte	35	19	54	15,3
Ander bv. Tegnieke beheerkon- troleesamptes	1	5	6	1,7
Subtotaal	132	220	352	100
%	37,5	62,5		
<u>Ander beroepe</u>				
Ambagsman		1	1	1,1
Argitek		1	1	1,1
Assuransieagent		3	3	3,3
Eiendomsagent		1	1	1,1
Ekonomiese		1	1	1,1
Ingenieur				
Landbouingenieur	1	1	2	2,2
Ander ingenieur		1	1	1,1
Inspekteur/tegnikus	1	4	5	5,4
Joernalis		1	1	1,1
Klerk		3	3	3,3
Marknavorsers		2	2	2,2
Mediese dienste				
Geneesheer		6	6	6,5
Mediese spesialis		3	3	3,3
Mediese navorsers		2	2	2,2
Tandarts		1	1	1,1
Natuurbevaarder		6	6	6,5
Opvoedkundige, Vakadviseur	1	2	3	3,3
Predikant		2	2	2,2
Prokureur		3	3	3,3
Prokureursklerk		1	1	1,1
Rekenmeester		3	3	3,3
Rekenmeestersklerk		1	1	1,1
Skakelbeampte	1	5	6	6,5

(Vervolg)

TABEL 2.1 (VERVOLG)

Beroep	Word beskou as 'n landboukundige beroep		Totaal	
	Ja	Nee		
	N	N	N	%
Skrywer, Redakteur	1	1	2	2,2
Tegnikus		1	1	1,1
Veearts	1	4	5	5,4
Veeartsenypatoloog		1	1	1,1
Verteenwoordiger: Fabrieks-, Verkoops- Verkoopman	4 1	9 2	13 3	14,1 3,3
Wiskundiges				
Dataverwerker		1	1	1,1
Programmeerder		1	1	1,1
Statistikus		2	2	2,2
Stelselontleder		3	3	3,3
Ander regs- en geestesweten= skaplikes		2	2	2,2
Subtotaal	11	81	92	100
%	12,0	88,0	100	
TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG	835	614	1449	
%	57,6	42,4	100	
Buite arbeidsmag				
Nagraadse student	43	43	35,8	
Uitdiensgetredene	76	76	63,3	
Werkloos	1	1	0,8	
TOTAAL BUIE ARBEIDSMAG	120	120	100	
GROOTTOTAAL	835	734	1569	
%	53,2	46,8	100	

TABEL 2.2

VAKKE WAT ONDERWYSERS EN LEKTORE DOSEER

(a) Onderwysers

Vak wat hoofsaaklik gedoseer word	Getal	%
Biologie	8	14,3
Bybelkunde	1	1,8
Engels	1	1,8
Handelsvakke	1	1,8
Hout- en Metaalwerk	1	1,8
Landbou	23	41,1
Natuurkunde/Fisika	1	1,8
Natuur- en Skeikunde	9	16,1
Voorligting	1	1,8
Wiskunde	3	5,4
Geen en onbekend	7	12,5
TOTAAL	56	100

(b) Lektore, opleidingsbeamptes, inspekteurs

Aardwetenskaplike studierigtings	1	0,6
Anatomie	1	0,6
Biochemie	9	5,2
Biologiese wetenskappe	12	7,0
Bosbou	5	2,9
Chemie	5	2,9
Ekonomie	2	1,2
Entomologie	6	3,5
Fisiologie	1	0,6
Genetika	9	5,2
Landbou-ekonomie	16	9,3
Landbouwetenskappe	82	47,7
Mikrobiologie	8	4,7
Plantsiektekunde	7	4,1
Wiskundige studierigtings	1	0,6
Onbekend	7	4,1
TOTAAL	172	100

Volgens tabel 2.1 is 21 beroepe vir die doel van hierdie studie as landboukundige beroepe geklassifiseer. Die twee vernaamste landboukundige beroepe is dié van landbouvoorligter wat deur 124 van die 436 mans (28%) en landbounavorsers wat deur

49 mans (11%) beoefen word. Ses persent van die persone in die landboukundige beroepsgroep is bosboukundiges. In die biologiese en ander natuurwetenskaplike beroepsgroep is daar vier beroepe wat 57 persent van die landbougegradueerdes in hierdie beroepsgroep verteenwoordig, naamlik plantpatoloog (19%), entomoloog (16%), biochemikus (12%) en mikrobioloog (10%). Die beroepsgroep "ander" toon dat landbougegradueerdes in beroepe gevind word wat glad nie landboukundig van aard is nie en wat verdere studie vereis. Beroepe soos argitek, geregtesheer, mediese spesialis, tarlerts, predikant, prokureur en versaats vereis dat die beroepsbeoefenaar oor 'n gespesialiseerde graad of diploma moet beskik. Die landbougegradueerdes in hierdie beroepe moes dus opleiding in ander studierigtings ontvang het om hierdie beroepe te kan beoefen. Altesaam is 92 van die 1449 landbougegradueerdes (6%) in die ander beroepsgroep geklassifiseer. Dit wil voorkom of daar verwag kan word dat ongeveer 6 persent, en selfs meer, van die persone met 'n spesifieke agtergrondopleiding sal toetree tot beroepe buite die betrokke studieterrein, want die vergelykbare syfer vir die ingenieurs is 6 persent (Ebersohn, 1975a, p. 76), aardwetenskaplikes 9 persent (Wolmarans, 1973a, p. 12), biologiese wetenskaplikes 12 persent (Ebersohn, 1973a, p. 84), chemici 12 persent (Ebersohn, 1973b, p. 70) en fisici 10 persent (Wolmarans, 1973b, p. 10). Daar is blykbaar nie 'n abnormale hoë getal landbougegradueerdes wat tot beroepe buite hulle studieterrein toetree nie.

2.3 REDES VIR KEUSE VAN NIE-LANDBOUKUNDIGE BEROEPE

Tabel 2.1 toon dat sommige beroepe wat vir die doel van hierdie verslag as nie-landboukundig geklassifiseer word, deur sommige landbougegradueerdes as landboukundig aangedui is. Die kolom gemerk "Ja" in die tabel toon die beroepe aan wat deur die vraelysinvuller as landboukundig geklassifiseer word, byvoorbeeld in die biologiese en ander natuurwetenskaplike beroepsgroep het 71 persent van die groep aangedui dat hulle beroepe landboukundig is, terwyl die beroepe as suiwer natuurwetenskaplik beskou kan word. Vir al die landbougegradueerdes wat beroepe beoefen wat volgens hulle eie mening landboukundig is, was dit nie nodig om redes vir die keuse van hulle beroepe aan te dui nie, kyk vraag 10(b) en (c) in die vraelys.

Verskeie redes is in vraag 10(c) van die vraelys gelys met die versoek dat die landbougegradueerdes wat na hulle eie mening nie 'n landboukundige beroep beoefen nie, moet aandui of 'n betrokke rede 'n invloed uitgeoefen het op hulle keuse van nie-landboukundige beroepe. Uit die 1449 ekonomiese bedrywigte mans is 435 landbougegradueerdes geselekteer wat aangedui het dat hulle nie-landboukundige beroepe beoefen. Van die 435 persone

met 28 persone (6%) biologiese en ander natuurwetenskaplike beroepe, 104 (23%) onderwysberoepe, 220 (51%) bestuurs- en administratiewe beroepe en 61 (19%) ander beroepe beoefen - kyk tabel 2.1.

In tabel 2.3 verskyn die redes wat deur die 435 landbougegradueerdes gegee is. Die redes is in die tabel gerangskik volgens die grootste getal persone wat aangedui het dat die betrokke rede 'n positiewe invloed op hul beroepskeuse uitgeoefen het. Al die 435 landbougegradueerdes het nie teenoor elke rede 'n antwoord verstrek nie.

Daar is hoofsaaklik twee redes wat 'n invloed op die keuse van nie-landboukundige beroepe uitgeoefen het, naamlik belangstelling in 'n ander beroep wat deur 63 persent, en salaris in landbouberoepe onvoldoende wat deur 61 persent van die groep aangedui is. 'n Relatiewe klein persentasie van die persone het aangedui dat die fisiese werkonstandighede in landbou/bosbou (13%) en die aard van landboukundige werk (20%) 'n invloed op hul beroepskeuse uitgeoefen het. Sestig van die 435 persone (14%) het bykomende redes op die vraelys gespesifiseer - kyk tabel 2.3(i). Redes soos toegetree tot 'n verwante beroep en ontevrede met die werkonstandighede in die staatsdiens is verstrek.

'n Vergelyking tussen die verskillende beroepsgroepe toon dat die redes gelys in tabel 2.3 by sommige beroepsgroepe relatief meer persone beïnvloed in hul beroepskeuse as by ander beroepsgroepe. Belangstelling in 'n ander beroep is deur 61 persent van die persone in die beroepsgroep ander aangedui as 'n rede wat 'n invloed uitgeoefen het, teenoor die 48 persent van die persone in biologiese en ander natuurwetenskaplike beroepe. 'n Verklaring vir hierdie verskil kan gesoek word in die aard van die nie-landboukundige beroepe wat beoefen word. Die biologiese en ander natuurwetenskaplikes en ook die persone in onderwys- en bestuurs- en administratiewe beroepe, beoefen beroepe wat nouer verwant is aan landbou as die landbougegradueerdes in die beroepsgroep ander.

Dit is duidelik dat die nie-landboukundige beroep wat beoefen word, verband hou met die redes wat die betrokke beroepsbeoefenaars aangedui het. Van die biologiese en ander natuurwetenskaplikes het 77 persent salaris in landbouberoepe onvoldoende en 76 persent belangstelling in ander studierigtings aangedui as redes wat 'n invloed op hul keuse van 'n nie-landboukundige beroep uitgeoefen het. Vir die persone in onderwysberoepe en die beroepsgroep ander is die vernaamste redes in volgorde belangstelling in 'n ander beroep en salaris in landbouberoepe onvoldoende.

TABEL 2.3
 REDES VIR DIE KEUSE VAN NIE-LANDBOUKUNDIGE BEROEPE

(a) Belangstelling in 'n ander beroep

Invloed uitgeefen op besluit om nie 'n landboukundige beroep te beoefen nie	Biologiese e.a. natuurwetenskap=like beroepe		Onderwys=beroepe		Bestuurs- en administratiewe beroepe		Ander beroepe		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	
Ja	11	47,8	56	68,3	74	55,2	47	51,0	188	63,3
Nee	12	52,2	26	31,7	53	44,8	11	19,0	103	36,7
TOTAAL	23	100	82	100	127	100	58	100	291	100
%	7,7		27,6		45,1		19,5		100	
Nie aangedui	5		20		50		23		130	

(b) Salaris in landbouberoepse onvoldoende

Ja	17	77,3	42	56,0	51	58,7	31	64,3	171	60,5
Nee	5	22,7	33	44,0	57	41,3	20	35,7	115	39,5
TOTAAL	22	100	75	100	108	100	50	100	291	100
%	7,5		25,8		47,4		19,2		100	
Nie aangedui	1		33		42		25		141	

(c) Belangstelling in ander studierigting

Ja	11	75,2	43	51,9	35	28,3	35	63,2	120	45,4
Nee	5	23,8	37	48,1	91	71,7	21	36,8	154	54,6
TOTAAL	21	100	77	100	127	100	57	100	272	100
%	7,4		27,3		45,0		20,2		100	
Nie aangedui	5		21		93		21		153	

(d) Bevorder na oostuurspos in landbou/bosbou

Ja	21	100,0	3	4,2	97	55,4	7	13,5	107	33,5
Nee	2		68	95,8	75	44,6	45	86,5	212	66,5
TOTAAL	23	100	71	100	172	100	52	100	319	100
%	8,5		22,3		54,9		16,3		100	
Nie aangedui	5		37		45		29		111	

(e) Het ander betrekking gevind as gevolg van hoër kwalifikasies behaal

Ja	13	56,5	30	39,0	39	30,2	22	40,0	104	36,2
Nee	10	43,5	47	61,0	90	69,8	33	60,0	180	63,8
TOTAAL	23	100	77	100	129	100	55	100	284	100
%	8,1		27,1		45,4		19,4		100	
Nie aangedui	3		31		91		26		151	

(f) Onvoldoende werkgeleentede in landbou/bosbou

Ja	6	35,4	27	32,4	51	39,8	20	39,2	103	37,5
Nee	14	63,6	50	57,6	77	60,2	31	60,8	172	62,5
TOTAAL	22	100	74	100	128	100	51	100	275	100
%	8,0		26,9		46,5		18,5		100	
Nie aangedui	4		34		92		30		163	

(g) Aard van landboukundige werk

Ja	2	9,5	13	17,8	23	18,7	17	32,7	55	20,4
Nee	19	90,5	60	82,2	100	81,3	35	67,3	214	79,6
TOTAAL	21	100	73	100	123	100	52	100	269	100
%	7,8		27,1		45,7		19,3		100	
Nie aangedui	5		35		97		29		164	

(h) Fisiese werkomstandighede in landbou/bosbou

Ja	4	20,0	12	16,7	5	6,7	9	17,3	30	12,5
Nee	16	80,0	60	83,3	111	93,3	43	82,7	230	87,5
TOTAAL	20	100	72	100	119	100	52	100	263	100
%	7,6		27,4		45,2		19,8		100	
Nie aangedui	6		36		101		29		172	

(vervolg)

TABEL 2.3 (VERVOLG)
 (i) Ander redes gespesifiseer (positiewe invloed uitgeoefen)

	Biologiese e.a. natuurwetenskap=like beroepe		Onderwys=beroepe		Bestuurs- en administratiewe beroepe		Ander beroepe		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Inloed uitgeoefen op be=sluit om nie n landbou=kundige beroep te be=oefen nie	1	20,0	19	79,2			1	10,0	20	80,0
Toegetree tot verwante beroep, nl. boerdery onderwys ander beroep			1	4,2			1	10,0	2	1,7
Is ontevrede met staats=diens a.g.v.			19	79,2			1	10,0	20	31,7
- beperkte vorderings=moontlikhede					3	14,3			3	5,0
- frustrasies i.v.m. navorsingsprosedures			1	4,2	3	14,3			4	6,7
- 14 ander redes	1	20,0	3	12,5	4	38,1	4	40,0	16	26,7
Ander redes										
Ouderdom	1	20,0			1	4,8			2	3,3
Siekte					1	4,8	1	10,0	2	3,3
Beter vooruitsigte	2	40,0			4	19,0	3	30,0	9	15,0
Geen toekoms in landbou					1	4,8	1	10,0	2	3,3
TOTAAL	5	100	24	100	21	100	10	100	60	100
%	8,3		40,0		35,0		16,7		100	

Dit is opvallend dat 116 of meer persone per rede wat in tabel 2.3 voorkom, nie aangedui het of die betrokke rede 'n invloed of nie 'n invloed uitgeoefen het op hul beroepskeuse nie. Die omvang is per rede tussen 27 persent (tabel 2.3(d)) en 40 persent (tabel 2.3(h)) van die 435 persone wat redes moet aandui. Dit is moontlik dat hierdie persone ðf onseker is ðf die betrokke rede 'n invloed uitgeoefen het ðf dat sommige redes glad nie in aanmerking geneem is tydens hul beroepskeuse nie.

Daar is gewoonlik nie net een of twee redes wat 'n persoon beïnvloed in sy beroepskeuse nie. Tabel 2.4 toon dat 54 persent van die 435 landbougegradueerdes twee tot sewe redes aangedui het wat hulle beïnvloed het om tot 'n nie-landboukundige beroep toe te tree. Daar is egter slegs een rede deur 42 persent van die groep verstrekk.

Dit kom voor of die redes wat deur die meeste persone aangedui is, belangstelling in 'n ander beroep en salaris onvoldoende, meestal saam met ander redes die persoon se beroepskeuse beïnvloed (tabel 2.5). Ongeveer 2 uit elke 5 persone (44%) wat belangstelling in 'n ander beroep aangedui het, het een of twee ander redes ook verstrekk. Slegs een uit elke 5 persone (19%) het belangstelling in 'n ander beroep as enigste rede aangedui. Wat salaris onvoldoende betref, het die helfte van die groep een of twee bykomende redes verstrekk, terwyl slegs een uit elke 10 persone (9%) salaris onvoldoende as enigste rede aangedui het. Dit is dus duidelik dat 'n kombinasie van redes, saam met belangstelling in 'n ander beroep en salaris onvoldoende, die landbougegradueerdes beïnvloed om tot nie-landboukundige beroepe toe te tree.

TABEL 2.4
 GETAL REDES VERSTREK VIR DIE KEUSE VAN NIE-LANDBOUKUNDIGE BEROEPE

Getal redes verstrekkend vir keuse van nie-landboukundige beroepe	Biologiese o.a. natuurwetenskaplike beroepe		Onderwysberoepe		Restuurs- en administratiewe beroepe		Ander beroepe		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
1	6	23,1	45	41,7	108	48,2	26	32,1	183	42,1
2	4	15,4	20	18,5	31	14,1	15	18,5	70	16,1
3	8	30,8	21	19,4	38	17,3	11	13,6	78	17,9
4	4	15,4	11	10,2	21	9,5	15	18,5	51	11,7
5	3	11,5	8	7,4	12	5,5	9	11,1	32	7,4
6	1	3,6	2	1,9	1	0,5	1	1,3	4	0,9
7			1	0,9	11	5,0	1	1,3	2	0,5
Geen							3	3,7	16	3,7
TOTAAL	26	100	108	100	220	100	81	100	435	100
%	6,0		24,8		50,0		18,2		100	

TABEL 2.5
 GETAL REDES SAAM MET BELANGSTELLING IN ANDER BEROEP EN SALARIS ONVOLDOENDE VERSTREK
 (a) Belangstelling in 'n ander beroep

Getal positiewe redes	Biologiese e.a. natuurwetenskapslike beroepe		Onderwys= beroepe		Bestuurs- en administrawetiewe beroepe		Ander beroepe		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Belangstelling in 'n ander beroep	1	9,1	14	25,0	15	20,3	5	10,6	35	18,6
" + 1 rede	1	9,1	11	19,6	11	14,9	9	19,1	32	17,0
" + 2 redes	3	27,3	14	25,0	24	32,4	9	19,1	50	26,6
" + 3 redes	4	36,4	8	14,3	14	18,9	13	27,7	39	20,7
" + 4 redes	2	18,2	7	12,5	10	13,5	9	19,1	28	14,9
" + 5 redes			2	3,6			1	2,1	3	1,6
" + 6 redes							1	2,1	1	0,5
TOTAAL	11	100	56	100	74	100	47	100	188	100
%	5,9		29,8		39,4		25,0		100	

(b) Salaris in landbouberoep onvoldoende

Salaris onvoldoende	3	17,6	1	2,4	10	12,3	4	11,1	15	8,5
" + 1 rede	6	35,3	7	16,7	16	19,8	6	16,7	32	18,2
" + 2 redes	4	23,5	16	38,1	25	30,9	8	22,2	55	31,3
" + 3 redes	3	17,6	8	19,0	17	21,0	9	25,0	38	21,6
" + 4 redes	1	5,9	8	19,0	12	14,8	7	19,4	30	17,0
" + 5 redes			2	4,8			1	2,8	4	2,3
" + 6 redes					1	1,2	1	2,8	2	1,1
TOTAAL	17	100	42	100	81	100	36	100	176	100
%	9,7		23,9		46,0		20,5		100	

HOOFSTUK 3

DIE WERKSITUASIE VAN LANDBOUGEGRADUEERDES

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word enkele aspekte van die werksituasie van die landbougegradueerdes in landboukundige beroepe met die werksituasie van landbougegradueerdes in nie-landboukundige beroepe vergelyk. In die tabelle word die gegewens deurgaans volgens die 6 beroepsgroepe wat in tabel 2.1 verskyn, ontleed. Waar moontlik word die gegewens van die landbougegradueerdes met die gegewens van gegradueerdes in ander studierigtings soos ingenieurswese en suiwer natuurwetenskaplik, vergelyk.

3.2 WERKGEWER

Die landbougegradueerdes kon een van ses verskillende werkgewerkategorieë aandui. (Kyk vraag 2 in die vraelys.) In tabel 3.1 verskyn 'n ontleding van die antwoorde wat ontvang is.

Dit blyk dat 42 persent van die landbougegradueerdes in diens van die staat of provinsiale administrasies is, 22 persent is selfgeëmplojeer en 24 persent werk vir firmas in die private sektor. Relatief min werkgeleenthede vir landbougegradueerdes bestaan in plaaslike owerhede en openbare korporasies.

Die landboukundiges en die biologiese en ander natuurwetenskaplikes is hoofsaaklik werknemers van die staat of provinsiale administrasies, 71 persent van elke groep daar in diens, terwyl 47 persent van die bestuurs- en administratiewe groep werknemers is in die privaat sektor en 28 persent werknemers van die staat of provinsiale administrasie is. Soos verwag kan word is die boere hoofsaaklik selfgeëmplojeer (92%) en die persone in onderwysberoepe, dit is onderwysers en lektore, is in diens van die staat en provinsiale administrasies en semi-staatsinstellings (universiteite).

Dit is opvallend dat die beroepstruktuur van die landbougegradueerdes in diens van die staat aanmerklik verskil van die van die landbougegradueerdes wat werknemers in die privaat sektor is. Van die 609 persone in diens van die staat is 16 persent (of 97 persone) in bestuurs- en administratiewe beroepe, terwyl die vergelykbare syfer vir werknemers in die privaat sektor 49 persent is (166 van 341 persone).

In tabel 3.2 verskyn 'n ontleding van die voltydse werkbare gewerk volgens werkgewer.

Die landbougegradueerdes in die privaat sektor (mediaan van 50 werkure per week) bestee ongeveer 4 tot 7 ure per week meer aan hulle beroep as die landbougegradueerdes in die openbare sektor (mediaan 43 tot 46 ure per week). Die selfgeëmployeerde persone se mediaanwerkure is 65 ure per week en hulle bestee dus aansienlik meer tyd aan die beoefening van hul beroep.

Die werkure van die werknemers in die private sektor wissel van 44 uur per week vir die biologiese en ander natuurwetenskaplikes tot 64 ure per week vir boere. Daarenteen is die getal werkure per week vir werknemers in die openbare sektor relatief konstant, naamlik 42 tot 45 ure per week.

In vergelyking met die ingenieurs bestee landboukundiges in die privaat sektor 4 ure per week meer aan die beoefening van hul beroep (Ebersohn, 1975a, p. 31).

3.3 BENUTTING VAN LANDBOUGEGRADUEERDES

3.3.1 Kwalifikasiestruktuur en benutting van universiteitsopleiding

Gegewens oor die kwalifikasiestruktuur van landbougegradueerdes is van die Nasionale Register verkry. (Kyk par. 1.2.) By die berekening van die peil van die hoogste kwalifikasie behaal, is al die kwalifikasies waarvoor 'n persoon beskik, in ag geneem en nie net kwalifikasies in 'n landbou- of bosboustudierigting nie.

Volgens tabel 3.3 beskik 41 persent van die landboukundiges en 41 persent van die persone in bestuurs- en administratiewe beroepe oor magister- en doktorsgrade. Die persone in die twee beroepsgroepe onderwys en biologiese en ander natuurwetenskaplike is in verhouding hoër opgelei aangesien 58 persent en 56 persent respektiewelik oor M- en D-grade beskik. Blykbaar ag gradueerde boere dit nie nodig om verder as 'n B-graad te studeer nie, want 80 persent van die boere beskik oor 'n B-graad en 14 persent oor M- en D-grade.

In vergelyking met ingenieurs is die landboukundiges hoër opgelei aangesien 8 persent van die ingenieurs oor M- en D-grade beskik (Ebersohn, 1975a, p. 21), teenoor die 41 persent van die landboukundiges. Die kwalifikasiestruktuur van die landboukundiges is meer in ooreenstemming met dié van suiwer natuurwetenskaplikes omdat 40 persent van die aardwetenskaplikes (Wolmarans, 1973a, p. 23), 37 persent van die chemici (Ebersohn, 1973b, p. 13) 50 persent van die biologiese wetenskaplikes (Ebersohn, 1973a, p. 16) en 66 persent van die fisici (Wolmarans, 1973b, p. 18) oor M- en D-grade beskik.

TABEL 3.3
KWALITEITSCHECKING

Peil van hogere kwaliteitsniveau school	Eenheden kwaliteitsniveau		% hogere kwaliteitsniveau		Onderwijsniveau		Bestuursniveau		Ander niveau		Totaal	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%		
Hoogste kwaliteit	12	3,6	13	3,7	3	0,9	3	0,9	2	0,6	11	3,3
Hoogste kwaliteit	3	0,9	6	1,8	2	0,6	2	0,6	1	0,3	11	3,3
Hoogste kwaliteit	10	3,0	12	3,6	4	1,2	4	1,2	3	0,9	23	7,0
Hoogste kwaliteit	15	4,5	2	0,6	3	0,9	3	0,9	1	0,3	24	7,2
Hoogste kwaliteit	2	0,6	1	0,3	1	0,3	1	0,3	1	0,3	6	1,8
TOTAAL	43	100	34	100	9	100	9	100	7	100	37	100
	100		17,3		21,2		22,5		10,1		86,3	
					21,2		19,7		26,3		26,3	
					21,2		19,7		26,3		26,3	
					21,2		19,7		26,3		26,3	

Die benutting van die universiteitsopleiding van landbougegradueerdes is met behulp van twee vrae (7 en 8) in die vraelys ondersoek. In vraag 7 van die vraelys is die landbougegradueerdes versoek om die minimum kwalifikasiepeil aan te dui wat na hul mening nodig is vir die doeltreffende uitvoering van hul werk. Een van sewe kwalifikasiepeile, wat strek van 10 tot D-graad, moet geselekt word. Die minimum kwalifikasiepeil aangedui, is vergelyk met die peil van die hoogste kwalifikasie waardeur die persoon beskik en die resultaat van hierdie teenstelling verskyn in tabel 3.4 en figuur 3.1.

Die gegewe toon dat ongeveer ses uit vyf (of 13%) van die landboukundiges van mening is dat hulle oor akademiese kwalifikasies beskik waarvan die peil laer is as die minimum wat nodig is vir die doeltreffende uitvoering van hul werk. Dit is opvallend dat 122 van die landboukundiges (23%) van mening is dat die akademiese kwalifikasies waaraan hulle beskik hoër is as die minimum wat hul werk vereis. Verdere ontleding wat nie in tabelvorm in hierdie verslag verskyn nie, toon dat 32 persent van die 122 persone oor B-grade beskik, maar in G-graad as 'n minimum nodig aandui.

Die gegradueerde boere is blykbaar oortuig daarvan dat 'n B-graad in landbou nie noodsaaklik is vir die doeltreffende uitvoering van hul pligte nie, want 116 van die 244 boere (76%) het aangedui dat hulle oor hoër akademiese kwalifikasies beskik as die minimum wat hul werk vereis. Van die 166 boere is 128 (69%) van mening dat 'n standaard 10-kwalifikasie plus diploma voldoende is om hul werk doeltreffend te verrig.

Tabel 3.4 toon dat die oorgrote meerderheid (66%) van die landbougegradueerdes, volgens hul eie mening, ongeag die beroep wat beoefen word, oor voldoende kwalifikasies beskik om hul werk doeltreffend uit te voer.

Die mate waarin die landbougegradueerdes se universiteitsopleiding in hul werk gebruik word, is met behulp van 'n vier-puntskaal, vraag 7 in die vraelys, gemeet. Drie-en-negentig persent van die landboukundiges en die persone in onderwysberoepes het aangedui (tabel 3.5) dat hul universiteitsopleiding baie of taamlik in hul werk gebruik word. Die persone in biologiese en ander natuurwetenskaplike beroepes se opleiding word blykbaar in dieselfde mate benut, want 96 persent van hierdie groep het baie, of taamlik benut, aangedui. Dit is dus nie vreemd dat landbougegradueerdes tot biologiese en ander natuurwetenskaplike beroepes toetree nie want hul opleiding word in hierdie beroepes in hoër mate benut.

TABEL 3,4
 'N VERDELING TUSSEN PEIL VAN MINIMUM KWALIFIKASIE NODIG VIR WERK EN PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL


Kwalifikasiepeil	Landbou- Kundige bieroepe			Reure			Historiese e.w. natuur- wetenskapli- ke bieroepe			Onderwys- bieroepe			Rechts- strafre- bieroepe			Ander bieroepe			Totaal				
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	
Kwalifikasiepeil hoër as minimum nodig	N 122	24,0	465	76,2	28	31,1	59	26,1	160	45,8	45	50,0	400	41,8									
%	20,3		31,0		4,7		9,8		26,7		7,5		100										
Kwalifikasiepeil dieselfde as minimum nodig	N 230	52,5	52	21,3	36	40,0	129	57,1	156	44,7	36	39,9	438	44,5									
%	36,1		8,2		5,6		20,2		24,5		5,5		100										
Kwalifikasiepeil laer as minimum nodig	N 84	19,3	6	2,5	26	28,9	36	16,8	33	9,5	10	11,1	197	13,7									
%	42,6		3,0		13,2		19,3		16,8		5,1		100										
TOTAAL	N 436	100	248	100	90	100	226	100	369	100	90	100	1438	100									
%	30,4		17,0		6,3		15,7		24,3		6,3		100										
N			7				2		3		2		14										

TABEL 3,5
 MATE WAARIN UNIVERSITEITOPLEIDING IN HUIDIGE WERK GEBRUIK WORD

Mate waarin universiteitopleiding gebruik word	Landbou- Kundige bieroepe			Reure			Historiese e.w. natuur- wetenskapli- ke bieroepe			Onderwys- bieroepe			Rechts- strafre- bieroepe			Ander bieroepe			Totaal				
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	
Baie	284	64,1	72	29,6	57	63,3	141	63,0	113	32,9	29	33,0	716	50,4									
%	139	32,2	122	50,2	29	32,2	27	12,1	156	45,2	45	50,4	491	35,0									
Middel	29	6,7	47	19,3	4	4,4	13	5,9	22	6,0	21	23,9	175	12,4									
%			2	0,9			3	1,3	16	4,1	13	14,6	32	2,3									
TOTAAL	N 442	100	243	100	90	100	224	100	365	100	90	100	1422	100									
%			31				4		7		4		27										

FIGUUR 3.1

IN VERGELYKING TUSSEN DIE PEIL VAN DIE MINIMUM KWALIFIKASIE NODIG VIR WERK EN DIE PEIL VAN HOOGSTE KWALIFIKASIE BEHAAL



H Kwalifikasie behaal se peil hoër as minimum nodig vir werk
 D Kwalifikasie behaal se peil dieselfde as minimum nodig vir werk
 L Kwalifikasie behaal se peil laer as minimum nodig vir werk

Die persone in die beroepsgroep ander, wat beroepe beoefen waarvoor gespesialiseerde universiteitsopleiding nodig is, se antwoorde is nie vergelykbaar met dié van persone in die ander beroepsgroepe nie, aangesien die vraelys nie spesifiseer watter studierigting in die beoordeling van benutting in ag geneem moet word nie.

In vergelyking met gegradueerdes in ingenieurswese en suiver natuurwetenskaplike studierigtings word die landboukundiges se universiteitsopleiding blykbaar in hoër mate benut. Van die landboukundiges het 93 persent aangedui dat hulle opleiding baie of taamlik benut word, teenoor die 82 persent van die ingenieurs (Ebersohn, 1975a, p. 54), die 89 persent van die aardwetenskaplikes (Wolmarans, 1973a, p. 55), die 87 persent van die biologiese wetenskaplikes (Ebersohn, 1973a, p. 50), die 87 persent van die chemici (Ebersohn, 1973b, p. 41) en die 85 persent van die fisici (Wolmarans, 1973b, p. 37).

3.3.2 Administratiewe en tegniese hulppersoneel

